Teksgedeelte: Markus 7:31-37

Teksvers: Markus 7:34

Tema: In die koninkryk van God het eenvoudige woorde groot betekenis.

Ons het `n ou spreekwoord: "Sit `n wag voor jou mond!" En dit is goed om hierdie raad te volg, want woorde het gevolge. Ons kan bitter maklik mense opbou met woorde of mense afbreek met woorde. Dink net maar hóé seer ons kan kry wanneer iemand met `n skerp tong `n vinnige reaksie in jou rigting gooi, terwyl jy in werklikheid opbouend wou praat. Elkeen van ons het `n paar voorbeelde van geleenthede waar ons spreekwoordelik ons voet in ons mond gesit het omdat ons té vinnig gepraat het. Woorde het gevolge, en wanneer ons nie ons woorde tel nie, kan hierdie gevolge baie seer en pyn op die hals haal.

Soveel meer nog het woorde `n radikale implikasie in die koninkryk van God - in die besonder wanneer die Koning self hierdie woorde spreek! Luister maar net weer wat die gevolg was toe Jesus vir die doofstom man genees het. Hy het een woord gesê waar Hy en die doofstom man alleen was: "Effata!" En die gevolge hiervan kring uit. Luister hoe die gevolg van hierdie een woord beskryf word: "*Sy ore het dadelik oopgegaan, die belemmering van sy spraak het verdwyn, en hy het reg gepraat. Jesus het die mense belet om dit vir iemand anders te vertel, maar hoe meer Hy hulle belet het, hoe meer het hulle dit verkondig. Hulle is geweldig aangegryp en het gesê: 'Alles wat Hy doen, is goed" die dowes laat Hy hoor en die stommes laat Hy praat."*

Een woordjie en die lewe van hierdie doofstom man verander radikaal! Waar hierdie doofstom man afgesny was van die wêreld, waar hy nie kon hoor nie en nie werklik kon praat nie, genees Christus hom met `n enkele woord. As ons deur hierdie gedeelte lees, dan hoor ons hoe Jesus Christus ontsettende simpatie met hierdie man het. Eers gaan Jesus en druk sy vingers in die man se ore en smeer spoeg aan sy tong – sigbare tekens van wat Hy vir die man gaan doen – en dan sug Hy. Die Skepper sug oor die gebroke wêreld. Hy sug oor hierdie man se swaar wat hy moet dra en omdat Hy soveel simpatie het, gebruik Jesus hom om die heerlikheid van Sy koningskap duidelik te maak. Jesus Christus regeer oor die gebroke skepping en daarom reageer die gebroke skepping op Sy bevel. Een, kort woordjie, en die man se hele bestaan verander.

Dit was een klein woordjie en ons bestaan het totaal verander! *Tetelestai* – dit is die woord waarmee Jesus Christus sy tyd aan die kruis beëindig het voordat Hy die laaste keer gesug en Sy asem uitgeblaas het. Een woord – dit is volbring – en die geskiedenis van die mensdom verander radikaal. Daar waar ons almal vêr van God was, daar waar die teenwoordigheid van God vir ons toegesluit was, word dit oopgesluit wanneer Jesus Christus die volmaakte offer volbring. Daar waar ons slawe van die sonde was en uitgesluit was uit die Vaderhuis, word ons kinders van

God gemaak wanneer ons in die geloof die betekenis van hierdie een woord van Jesus Christus omhels en ons eie maak.

Asof hierdie impak van een woord nie ons al klaar verstom laat staan nie, is daar selfs nog `n groter impak! "Effata" is `n Aramese woord wat in `n gebied buite Israel gesê word. Sien, hierdie wonder wat Jesus doen speel af in die gebied van die Dekapolis; `n gebied aan die ooste kant van die See van Galilea en `n gebied buite die grense van Israel. Jesus Christus is hier besig om met die heidene te werk; die mense wat volgens die Jode van daardie tyd nie waardig was om die Christus te ken nie. Tog gaan Jesus Christus na hulle toe en onder hulle doen Hy wonderwerke om juis die koninkryk van God vir hulle duidelik te maak. Elke wonder en elke toespraak van Jesus Christus gaan oor die koninkryk van God. Dit is juis die boodskap waarmee Hy sy bediening op aarde begin het (Markus 1:15): *"Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie".*

Daarom dat Hy ook onder die heidene van daardie tyd die evangelie verkondig. En dit is ook nie om dowe neute dat Jesus Christus dit doen nie. Sien, die heidene speel `n besonderse rol in die verspreiding van die evangelie en in die kerk. Ons hoor dit die eerste keer aan die einde van Jesus Christus se lewe. Die eerste persoon wat Jesus Christus as die Seun van God bely na sy dood, is die Romeinse offisier wat voor Jesus se kruis gestaan het.

En later, wanneer Paulus, die sendeling onder die heidene, aan die gemeente in Efese `n brief skryf, hoor ons dit weer. In Efesiërs 3 hoor ons hoe God mense, wat nie Jode is nie, gebruik: "*En dit is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het...maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim, soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring.*"

Dit is die kerk wat die koninkryk van God in die hier en nou moet uitleef en moet duidelik maak. Dit is die kerk wat die ryke verskeidenheid van God se wysheid moet duidelik maak en Jesus Christus het die pad reeds begin voorberei deur een, klein woordjie te sê teenoor `n doofstom man: "Effata!"

En dit is weens daardie woordjie, en die rykdom wat dit inhou, dat ek en jy vanaand hier kan sit! Dit is weens een woord aan die kruis op Golgota en die leë graf daarnaby dat ons ore, wat doof was vir die evangelie, weer kan hoor. Dit is weens daardie gebeure dat ons monde, wat niks goeds gehad het om te sê nie, nou kan getuig van die koninkryk van God. Hoe hartseer is dan wanneer ons nie hoor wat ons Koning vir ons sê nie en ons nie gehoorsaam is nie? Hoe hartseer is dit dan wanneer ons stilbly terwyl ons in werklikheid moet sê: "Alles wat Hy doen, is goed:

die dowes laat Hy hoor en die stommes laat Hy praat...die dooies laat Hy lewe en oor `n deurmekaar wêreld regeer Hy!”

Mag elkeen van ons verstom staan oor die voorreg wat ons het om deel te kan wees van hierdie Koning se koninkryk. Mag elkeen van ons verstom staan in geloof omdat ons hoor watter kragtige uitwerking ons Koning se woorde het. En mag elkeen van ons besef en ervaar hoe ons woorde ook bou aan die koninkryk van God!

Amen